Lang Carel Juris tydens die ererondte nadat hy weereens as Nasionale Vyfgangkampioen van die SA Boerperde aangewys is

Jurie nog uit oor Juris

Toe die SA Boerperdhings, Lang Carel Juris, vanjaar weer die Nasionale Vyfgangkampioenskap op die Pretoria Skou inpalm, het toeskouers met 'n tikkie hartseer toegekyk hoe dié indrukwekkende perd die skouring verlaat – vir die laaste keer, het baie gedink. Daar was sterk gerugte dat Juris nou, op ouderdom 15, finaal as skoumededinger sou aftree.

Sy eienaar en president van die SA Boerperdtelersgenootskap, Michael van Rensburg, is egter nie so seker hiervan nie. "Dit is so dat ons dit oorweeg om hom gedeeltelik te onttrek, ten minste van die teelklasse en enkeltuigkompetisies, maar ons het nog glad nie 'n finale besluit geneem nie. Dié sal ons vroeg in 2007 doen," het hy aan *SA Horseman* gesê.

Juris se loopbaan is voorwaar indrukwekkend. Geteel deur die bekende Jan van der Wath, het sy aanvanklike opleiding by Lourens Badenhorst en familie plaasgevind, waar wyle Willie Beukes 'n groot rol gespeel het. Oom Lourens se dogter, Tarnia, het hom gery en geskou. By die Badenhorsts het hy van 1999 tot 2001 die titels van SA Grootkampioenhings-in-hand en SA Enkeltuigkampioen ingepalm. In 1999 was hy SA Vyfgangkampioen en in beide 2001 en 2002, SA Vyfgang Reserwekampioen.

Nadat hy 'n rukkie besit is deur Cash Truter van Kroonstad, het die Van Rensburg-familie van die Michmar SA Boerperdstoet hom op 1 Maart 2002 bekom. Sedertdien is Gerhard van Rensburg sy ruiter, terwyl Matawene Mohoboko sy versorger en vertoner in die handklasse is.

Sy prestasies in die Nasionale Kampioenskappe tussen 2003 en 2006, is eweneens indrukwekkend. Hy was reeds drie keer Grootkampioen-in-hand en is by twee geleenthede as Reserwegrootkampioen-in-hand aangewys. Sy ander prestasies sluit in Grootkampioen Enkeltuig, ReserwegrootkampioenEnkeltuig,Grootkampioen Vyfgang en Reserwegrootkampioen Vyfgang. In 2004 was hy derde geplaas tydens die interraskampioenskappe op die Pretoria Skou.

"Sy gelykmatige geaardheid," sê Michael van Rensburg, "maak hom bemind by een en almal, terwyl sy wil om te presteer asook sy groot hart hom 'n gunsteling op die skoubaan gemaak het." **SAH**